

NUWE LEIERSKAP VIR EVANGELIESE KERKE IN TURKYE

Die Assosiasie van Protestante Kerke in Turkye (TEK) het 'n nuwe president en raad van direkteure verkies, berig SAT-7 se Turkse kanaal, SAT-7 TÜRK.

Pastor Ali Kalkandelen, leraar van die Lewende Familie Kerk, Istanbul, is deur die ander leraars as nuwe president van TEK verkies. Die assosiasie, wat informeel in die 1980's ontstaan en in 2009 formeel erken is, verteenwoordig sowat 150 genootskappe – waarvan die meerderheid Evangeliese genootskappe in Turkye is. Pastor Kalkandelen volg die Ankara leraar, Ihsan Ozbek, op en sal hierdie amp vir die volgende drie jaar beklee.

Pastor Kalkandelen sê sy prioriteite sal wees om die posisie van Protestante kerke in Turkye te konsolideer en ook die verhouding met Turkye se meer historiese kerke (Orthodoks en Katoliek) te verstewig.

'n Verdere taak sal wees om kerke te begelei in die neem van wettige stappe teen die onlangse onwettige verwydering van kennisgewingborde wat ontmoetingsplekke aandui. Aanvalle op kerkeiendom, dreigemente teen individue en organisasies, en die wanvoorstelling en haatspraak in sekere media, is alles probleme wat TEK monitor en noem in die jaarverslag wat handel oor die skending van godsdiensvryheid in Turkye.

Gökhan Talas, van SAT-7 TÜRK, vra voorbedding vir die TEK leiers. “Hierdie is baie sensitiewe posisies en omdat hierdie pastore die Protestante kerke verteenwoordig, is hulle altyd sagte teikens vir vyandige groepe,” sê Talas.

Saam met die gebedsversoek dat daar vir die kerkleiers se veiligheid gebid word, vra Talas voorbedding vir die Protestante kerke. Die Protestante kerk groei en het God se hulp en wysheid nodig in hul pogings om as wettige assosiasie onder Turkse wetgewing te registreer. “Want,” voeg hy by, “vervolg vind op verskillende maniere plaas wanneer hulle die Evangelie openlik verkondig.”

Bid asb vir die nuwe leiers van TEK wat Turkye se groeiende maar relatief klein Protestante gemeenskap dien, en die Goeie Nuus van Jesus in gebiede wat dit nog nooit gehoor het nie, verkondig.

Gebeds † Nuus



Augustus 2018

Christen vlugteling keer terug na Nineve vlakte

**MAAK
HOOP
SIGBAAR**

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 72646
Lynnwoodrif, PRETORIA 0040
southafrica@sat7.org
+27(12)807 2763
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede



Kopiereg © 2018 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org
www.sat7uk.org

IRAKESE CHRISTEN VLUGTELINGE KEER TERUG

Honderde Irakese Christene het op Maandagaand, 6 Augustus 2018, deelgeneem aan 'n optog in Karamles, 'n dorpie op die Nineve Vlakte wat tradisioneel deur Christene bewoon was.

Met hierdie optog het die Christene van Karamles die gebeure van die nag tussen 6 en 7 Augustus 2014 herdenk. Duisende Christene het daardie nag uit dorpe op die Nineve Vlakte gevlug voor die inval van die jihad militêre magte van die self verklaarde Islamitiese Staat (Daesh).

Die optog is voorafgegaan deur 'n terugblik op die pyn en lyding wat met die massa uittog gepaard gegaan het. Die gebeure is herleef in die lig van die geheimenis van die Kruis. Die Skrifgedeelte waar Jesus belowe dat Hy die Vader sal bid en vra om die Heilige Gees, die Trooster, te stuur, is ook voorgelees.

Tydens die optog het die deelnemers Psalm 150 herhaal. Daarmee is die 'nuwe begin' in hul lewens, met hul terugkeer na hul dorpies en huise, na die jare van jihad oorheersing, gevier.

Karamles, en die ander dorpies en groter dorpe van die Nineve Vlakte, verteenwoordig die historiese landmerke van die plaaslike Christen gemeenskappe van antieke Mesopotamië. Dit is op hierdie Vlakte wat 'n 'autonome streek' vir Christene beplan word. Daarmee sal die droom van 'n 'nasionale tuiste' vir die Chaldese-, Assiriese- en Siriese Christene hopelik tot 'n mate verwesenlik word.

Na die besliste oorwinning oor die jihadiste van Daesh, sirkuleer verskeie onbevestigde berigte dat die Christen vlugteling terugkeer na hul dorpies op die Nineve Vlakte. Hoewel dit moeilik is om al die berigte te bevestig, is dit 'n feit dat 300 Christen families reeds Desember 2017 na Karamles teruggekeer het en Kersfees en Paasfees saam kon vier.

• Bid asb vir die Christene van Irak aangesien baie onsekerheid en vrae wat 'n vreedsame toekoms kan bedreig, steeds in die lug hang.

BRON: <http://www.incontextinternational.org/2018/08/08/iraqi-christian-refugees-return-to-nineveh-plain/>



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers
terwyl jy hul boodskappe lees:

Jong meisie in Sirië: “Ons het jul gebede vir ons nodig ... Te midde van hierdie oorlog het God ons bewaar. Dank Hom vir sy bewaring. Bid asb dat die skietery en ontploffings sal ophou.”

Kyker in Egipte: “My man reken dis sy plig as hoof van die huis om my te slaan elke keer as ek nie doen wat hy my beveel nie. Bid vir my en vir iemand om hom te leer hoe om ’n beter man te wees.”

Kyker in Iran: “Ons gelowiges in Iran kry swaar sonder enige kerke, ontmoeting met ander gelowiges of Christelike lering. Bid dat ons hande nooit die hande van Jesus sal los nie.”

Kyker in Soedan: “Ek is negentien jaar oud. My broers en ek volg die program *Familie van Jesus*. Ons bid dat die Hemelse Vader julle sal beskerm en help om kinders te leer van Jesus en hoe om kragtig te aanbid.”

Kyker in Egipte: “Christus het my vyf jaar gelede gered, maar ek het verval in goddelose praktyke. Ek besef dat ek ontrou teenoor die Here was en wil terugdraai na Hom. Bid vir my om te weet wat om nou te doen.”

- Bid asb vir die voorbereidings vir SAT-7 se jaarlikse Week van Gebed, 4-11 November. Die klem val op Getroue Getuïenis in ’n Veranderende Wêreld.

TURKSE KYKERS DEUR GOD SE LIEFDE GERED

SAT-7 kykers, Sedat en Gülay Torun, is van die relatief klein aantal Christene in Turkye, ’n land met ’n bevolking van 80 miljoen. In ’n tyd van groot beproewing het hulle Jesus aangeneem — en Hy doen steeds wonderwerke in hul lewens.

“Ek was so bang. Ek het aanhoudend ’n stem hoor sê: ‘Moenie bang wees nie’. Ek het Hom so duidelik gesien, geklee in wit. Hy het gesê: ‘Ek is Hy. Moenie bang wees nie.’ ”

Met trane in haar oë herleef Gülay die oomblik van ontmoeting met Jesus in ’n hospitaalkamer. Sewe maande swanger en met die wete dat sy moontlik lewenslank verlam kan wees, was sy verpletter.

SMAG NA LIEFDE

Dit was nie die eerste keer wat Gülay en haar man, Sedat, teëspoed beleef het nie. Hoewel hulle opgegroei het in die meerderheidsgeloof van Turkye, het hul weinig sin en betekenis daarin gevind. Terwyl hulle finansieël gesukkel en probleme hul oorweldig het, was daar vir hul geen uitkoms of vooruitsig nie. “Ons het nêrens enige liefde ervaar nie,” vertel Sedat. “Ons het besef daar is ’n leemte in ons lewe en was soekende.”

“ONS HARTE WAS GEREED”

Die egpaar het begin wonder of die Christelike geloof dalk betekenis aan hul lewe sal gee. Aanvanklik was dit moeilik om ’n kerk te vind. Maar toe hulle ’n gemeente in hul stad besoek, is hul met liefde ontvang. “Ons het gevind waarna ons opsoek was,” onthou Sedat. “Ons harte was gereed. Ons het so lank daarna gesmag.”

GOD IS GETROU

Dit was slegs die begin van God se werk in Sedat en Gülay se lewe. Hoewel hulle steeds probleme ondervind het, het hul God se betrokkenheid in hul lewe ervaar, van onverwagte praktiese voorsiening tot genesing.

- Bid vir diegene wat soek na God se liefde. Bid dat hulle Jesus sal ontmoet.

Volledige verhaal: <http://www.sat7sa.org/Real%20Life%20Stories.php?id=rls201807>



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers
terwyl jy hul boodskappe lees:

Kyker in Tadjikistan: “My familie het my onteien omdat ek Jesus as my Here bely. Bid vir my geloof om te groei ten spyte hiervan, asook vir materiële voorsiening.”

Kyker in Iran: “Jesus was ’n profeet, waarom noem julle hom God? Aanbid Christene een God of drie gode?” (Bid dat die Gees die Waarheid vir hierdie kyker sal oopbreek.)

Kyker in Kuwait: “Dwelms vernietig my twee tienerseuns se lewens. Bid dat hul verlos sal word van dwelms, helder kan dink en standvastige werk kry.”

Kyker in Turkye: “Ek kan nie kerk byeenkomste bywoon nie ... maar jul programme help my om op Jesus se weg te bly en na Hom terug te keer wanneer ek afdwaal. Dank God vir SAT-7 se programme.”

- Loof God vir die vierde seisoen van *My Skool* wat kykers in staat stel om tale, wiskunde, wetenskap, gesondheid en kritiese denke te leer. Bid vir hulpbronne om hierdie program te kan uitbrei om ’n wyer gehoor te betrek.
- Dank die Here dat onlangse navorsing aandui dat SAT-7 se programme kykers beïnvloed om diegene van ander denominasies en gelowe te probeer verstaan en aanvaar.